**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in die Eerste Presidentskap



# Profeteer en Persoonlike Openbaring

Die ware Kerk van Jesus Christus was herstel en is op die aarde vandag. Die Kerk van Jesus Christus van die laaste-dae was altyd deur lewende profete en apostels gelei, wie altyd konstante leiding van die hemel ontvang.

Daardie goddelike patroon was ook ouds. Ons leer in die Bybel: "Want die Here doen niks tensy Hy sy raadbesluit aan sy knegte, die profete geopenbaar het nie" (Amos 3:7).

God het weer in ons tyd deur die Profeet Joseph Smith gespreek. Hy het deur die Profeet Joseph Smith die evangelie van Jesus Christus in sy volheid geopenbaar. Hy het Sy heilige priesterskap met sy sleutels en al die regte, magte en funksies van die heilige mag van die priesterskap herstel.

In ons dag, is lewende profete en apostels gemagtig om te spreek, onderig en dirigeer met die gesag van God die Vader en die Here Jesus Christus. Die Verlosser het vir die Profeet gese, "Wat Ek, die Here gespreek het, het Ek gespreek en Ek verskoon Myself nie; en al gaan die hemele en die aarde verby, my woord sal nie verbygaan nie, maar sal vervul word, of dit deur my eie stem of deur die stem van my diensknegte, dit is dieselfde" (L&V 1:38).

Ons is twee keer 'n jaar in algemene konferensie geseen met die geleentheid om die woord van die Here wat vir ons bedoel is, deur Sy diensknegte aan te hoor Dit is 'n voorreg bo en behalwe die prys. Maar die waarde van daardie geleentheid hang af of ons die woord onder die invloed van dieselfde Gees ontvang waardeur hulle aan daardie kienskegte gegee is. (sien L&V 50:19-22). Net soos hulle leiding van die hemel ontvang, so moet ons. En dit vereis dieselfde geestelike inspanning van ons.

### "Doen Jou Huiswerk"

Jare gelede het die lede van die Qworum van die Twaalf Apostels my gevra om die konferiense praatjie wat hy voorberei het vir die algemene konfereinse, te lees. Ek was 'n junior lid van die kworum. Ek was vereer deur sy vertroue dat ek hom mag help om die woorde wat die Here wou gehad het hy moes spreek, te vind. Hy het met n glimlag vir my gese, "O, dit is die 22st konsep van die praatjie."

Ek het die raad van n liefdevolle en goedhartige President Harold B. Lee (1899-1973) onthou wat vroeër met groot klem vir my gegee is: "Hal, as jy openbaring wil ontvang, doen jou huiswerk."

Ek het gelees, gewonder en gebid oor daardie 22st konsep Ek het as die beste as wat ek kon gestudeer onder die invloed van die Heilige Gees. By die tyd dat daardie kworum lid sy praatjie gegee het, het ek my huiswerk gedoen. Ek is nie seker of ek gehelp het nie, maar ek het verander toe ek die praatjie wat gegee is, gehoor het. Boodskappe het buiten die woorde wat ek gelees en wat hy gespreek net, na my toe gekom. Die woorde het groter

betekenis gehad as die wat ek in die konsep gelees het. En die boodskap het geblyk om vir my bedoel te wees, toegerus vir my behoeftes.

Die diensknegte van God vas en bid om die boodskap te ontvang wat Hy het, om vir diegene te gee wat openbaring en inspirasie benodig. Wat ek van daardie ondervinding en baie ander soos dit geleer het, is dat om die groot voordele wat beskikbaar is van die lewende profete en apostel te gewin, moet ons die prys onself betaal vir die ontvangs van openbaring.

Die Here is lief vir elke persoon wat Sy boodskap mag hoor en Hy ken die harte en omstandighede van elkeen. Hy weet watse korreksie, watse aanmoediging en watse evangelie waarheid die beste hulp vir elke persoon sal wees om hom of haar weg na die ewige lewe te kies.

Die van ons wat na die algemene konferensie boodskappe kyk en luister dink somtyd agterna, "Wat onthou ek die meeste?" Die Here se hoop vir elkeen van ons is wat ons antwoord sal wees: "Ek sal nooit die oomblik vergeet toe ek die stem van die Gees in my gedagtes gevoel het nie en my hart my vertel wat ek kan doen om my Hemelse Vader en die Verlosser te plesier.

Ons kan persoonlike openbaring ontvang wanneer ons na die profete en apostel luister en as ons in geloof werk om dit te ontvang, net soos President Lee gese het ons kan. Ek weet dit is waar van ondervinding en deur die getuie van die Gees.

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

Oorweeg om President Eyring se strorie hardop te lees oor die konsep van sy qworum lid se konferensie praatjie. Jy mag vra, "Wat is die prys vir die ontvangs van openbaring?" Na jou bespreking, kan jy diegene vir wie jy besoek uitnooi om te wonder en ŉ plan te implementeer om die komemde konferensie boodskappe "onder die invloed van dieselfde Gees waardeer hulle na [God se] diensknegte gegee is." te ontvang.

## JEUG

### Hemelse Vader het deur n Konferensie Praatjie met My Gepraat

Deur Anne Laleska Alves de Souza

Ek het getwyfel oor wat ek by die universiteit wou studeer. Meeste mense het sleg gepraat oor die koers wat ek wou inneem, sodoende het ek na die Here gebid om te sien of Hy saamgestem het oor my besluit.

My antwoord het die volgende dag gekom terwyl ek besig was om die algemene konferensie praatjie *Liahona* te lees. Ek het gevoel asof my Hemelse Vader besig was om my te vertel dat Hy nie vir my kon kies nie - dit was n besluit wat ek alleen moes maak. Ek het geweet dat dit maak nie saak wat my keuse was nie, Ek sou moes had werk om suksesvol te wees.

"Ek weet dat my gebede beantwoord was. Die bevestiging van die Heilige Gees het my gehelp om ŉ besluit te neem. Ek het geleer om my beste pogings te gee en weet dat Hemelse Vader sal my help."

*Die skrywer woon in Sergipe, Brasilië.*

## KINDERS

### Volg die Profeet

Profete en apostels praat namens Hemelse Vader en Jesus Christus. Hulle leer ons hoe om Jesus te volg. Wat is sommige van die dinge wat die profete en apostels ons gevra het om te doen?

© 2016 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15. Vertaling van die *First Presidency Message, April 2016*. Afrikaans. 12864 501.

# Dogters van Ons Ewige Vader

Geloof, Familie, Verligting

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om te weet wat om te deel. Hoe sal begrip oor "Die Familie: 'n Aankondiging aan die Wêreld" te verstaan, jou geloof in God seen en diegene waaroor jy waak deur vroue besoek, te seën? Vir meer inligting, gaan na* ***reliefsociety.lds.org****.*

Die skrifture leer ons dat "ons die afstammeling van God is" (Handelinge 17:29). God het na Emma Smith, vrou van die Profeet Joseph Smith verwys as " my dogter" (L&V 25:1). Die Familie Proklamasieleer ons dat elkeen van ons "n geliefde Gees . . . dogter van hemelse ouers is."[1]

"In [ die vooraardse] koninkryk, leer ons oor ons ewige vroulike identiteit," het Carole M. Stephens, die eerste raadsgewer in die algememeVerligting Vereniging gese.

"Ons sterflike reis na die aarde het nie daardie waarhede verander nie."[2]

"Jou Hemelse Vader ken jou naam en weet van jou omstandighede," het Ouderling Jeffrey R. Holland van die Kworum van die Twaalf Apostels gesê. "Hy hoor jou gebede. Hy ken jou hoop en drome, insluitend jou vrese en frustrasies."[3]

Sister Stephens het gese ". . .Elkeen van ons behoort aan, en is noodsaaklik in die familie van God." "Aardse families lyk almal verskillend. En terwyl ons die beste doen wat ons kan om sterk tradisionele families te skep, is die lidmaatskap in die familie van God nie tevredenhied op enige tiepe status— materielistiese status, ouerskap status, finansiele status, sosiale status, of selfs die status wat ons op sosiale media plaas nie."[4]

## *Addisionele Skrifgedeeltes*

Jeremai 1:5; Romeine 8:16; Leer en Verbonde 76:23-24

## *Uit Ons Geskiedenis*

In sy rekenskap van die Eerste Visie,[5] bevestig die Profeet Joseph Smith baie waarhede - insluitend dat ons Hemelse Vader ons name ken.

Die jong Joseph het gesukkel om te weet by watter kerk om aan te sluit en het leiding in Johannes 1:5 gevind. Joseph het besluit om God te vra.

Een lente oggend in 1820, het hy in die woud gegaan om te bid maar was onmiddelik aangegryp deur 'n donker mag. Van hierdie het hy geskryf:

"Net op hierdie oomblik van groot verskrikking, het Ek 'n ligkolom net bokant my hoof gesien, wat geleidelik neergedaal het totdat dit op my geval het.

Dit het skaars verskyn, toe voel ek my verlos van die vyand wat my gebonde gehou het. Toe die lig op my rus, sien ek twee persone wie se helderheid en heerlikheid alle beskrywing te bowe gaan, bokant my in die lug staan. Een van hulle het tot my gespreek, deur my op die naam te noem en gesê, terwyl Hy na die Ander wys-*Dit is My Geliefde Seun. Luister na Hom!*" (Joseph Smith Geskiedenis 1;16-17).

**NOTAS**

1. "Die Familie: 'n Aankondiging aan die Wêreld" *Liahona,* Nov. 2010, 129.
2. Carole M. Stephens, "Die Familie is van God," *Liahona,* Mei 2015, 11.
3. Jeffrey R. Stephens, "Vir Jong Vroue." *Liahona,* Nov. 2005, 28.
4. Carole M. Stephens, "Die Familie is van God," 11.
5. Sien Evangelie Onderwerpe, "Eerste Visie Rekenskap" topics.lds.org.

### *Ter Oorweeging*

Hoe word jy deur die kennis, dat jy 'n dogter van God is, beinvloed?

© 2016 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15. Vertaling van *Visiting Teaching Message, April 2016.* Afrikaans. 12864 501.